

Die Here tug die vir wie Hy lief is (OP111)

Heb 12:5-11

4 Desember 2022

Tot dusver het ons gesien gelowiges mag uitsien om met vrymoedigheid in die Allerheiligste van die ware tabernakel in te gaan langs die nuwe lewende weg wat Jesus vir ons geopen het. Hulle behou die vrymoedigheid om daar te mag ingaan, deurdat hulle volhard in die geloof. In Heb 12:1-4 is hierdie volharding in die geloof vergelyk met 'n wedloop waaraan die gelowiges met volharding moet deelneem. Die prys aan die einde van die wedloop is om in die Allerheiligste te mag ingaan. Maar die wedloop is ook 'n stryd. Enersyds is dit 'n innerlike stryd teen die oorblywende sondige natuur van die gelowige wanneer hy stry teen laste en sondes wat hom so maklik omring. In hierdie stryd hou hy Jesus in die oog – Jesus as die Leidsman wat sy verlossing bewerk het, asook Jesus as die Voleinder van sy geloof wat sal toesien dat al God se beloftes sal realiseer en dat die gelowige daaraan deel sal neem. Andersyds is die gelowige ook gewikkel in 'n uiterlike stryd teen die duivel, wat reeds deur Jesus oorwin en gebind is, asook teen die trawante van die duivel. Hier dink die gelowige aan die erge lyding wat Jesus tydens Sy lewe op aarde deurstaan het tot in die dood, en dat Jesus nooit geestelik moeg geraak het in Sy lyding nie. Dit spoor die gelowige in sy stryd teen die duivel aan om ook te volhard en nie geestelik moeg te word en uit te sak nie.

Vandag wil ek stilstaan by Heb 12:5-11. Ek wil hierdie verse bespreek onder die tema: “Die Here tug die wat Hy liefhet”. Ek glo ons verstaan almal dat as ons lees die Here tug die wat Hy liefhet, beteken dit dat die Here hierdie persone dissipleneer of selfs straf. Die punt wat verse 5-11 wil onderstreep, is dat die gelowige moet verstaan die swaarkry wat deel is van beide die innerlike stryd (verse 1-2) en die uiterlike stryd (verse 3-4) is 'n instrument in die hand van die Here waarmee Hy die gelowige tug. Ek wil verse 5-11 se inhoud bespreek onder die volgende 4 hoofpunte: (1) Tugtiging is 'n liefdesaansporing van God (Heb 12:5-6), (2) Tugtiging is 'n bewys van kindskap van God (Heb 12:7-8), (3) Tugtiging vereis dat die gelowige hom onderwerp aan God (Heb 12:9-10), en (4) Tugtiging bewerk vrug van geregtigheid (Heb 12:11).

Tugtiging is 'n liefdesaansporing van God (Heb 12:5-6)

Lees Heb 12:5-6. Onthou wie die Hebreërs was: Hulle was Christene uit die Jodedom wat geworstel het met die idee of dit die moeite werd was om te volhard in die Christelike geloof. Die skrywer het hulle boonop nou alreeds gewys op die feit dat hulle kan verwag om beide die innerlike en uiterlike stryd te ervaar, selfs ten bloede toe. Maar nou volg hy dit op met 'n aansporing of 'n aanmoediging. Hy herinner hulle daaraan dat daar 'n aansporing is wat hulle vergeet het. Dit is sekerlik nie prysenswaardig dat hy hulle weer moet herinner aan hierdie aansporing wat hulle vergeet het nie, maar nogtans spoor die skrywer hulle aan. Die inhoud van die aansporing word in verse 5-6 gegee, en is 'n aanhaling van Spreuke 3:11-12. Die aansporing waaraan hy hulle herinner lê dus in die Skrif – soveel te meer rede hoekom dit nie prysenswaardig is dat hulle hieraan herinner moet word nie. Immers, dit is tog die doel met die Skrif: dit gee vir ons God se perspektief op ons lewens. Dit is in die Skrif wat ons kan leer om die regte perspektief te hê op die stryd waarin ons gewikkel is, sodat ons nie geestelik moeg word en wil uitsak nie.

Die beeld wat die skrywer gebruik, verander nou van 'n wedloop (verse 1-4) na die van 'n gesin. Lees verse 5-6. Die inhoud van die aansporing is soos volg:

- Dissiplinering of tugtiging kom van die Here af. Vers 5 verwys na “die dissiplinering van die Here”, asook na die feit dat dit die Here is wat bestraf. Vers 6 sê dit is die Here wat tug en

straf. Die punt wat die skrywer maak is dat sy lesers aangespoor moet word deur die feit dat die swaarkry wat hulle beleef wanneer hulle gewikkel is in die innerlike en/of die uiterlike stryd, kom van die Here af. Die Here is in beheer hiervan. Ten diepste is dit nie hulle oorblywende sondige natuur of selfs die duiwel of sy trawante wat in beheer is van die stryd waarin hulle gewikkel is nie, nee, die Here is in beheer. Ja, daar is natuurlik 'n rede hoekom stryd steeds nodig is in hulle lewens, maar hulle moet bemoedig word deur die feit dat God in beheer van die stryd is.

- Dit is so dat die stryd en die swaarkry wat daarmee saamgaan, 'n vorm van dissiplinerende of selfs straf is. Dit is so dat dit beteken dat dit selfs pynvol kan wees, verseker is dit nie lekker nie – soos wat die Hebreërs alreeds in hulle vroeëre lyding beleef het – hulle is bespot, in die tronk gegooi, en daar is beslag gelê op hulle besittings. Swaarkry is deel van tugtiging. Dit is 'n realiteit. Soms laat gelowiges dit klink asof die regte respons op swaarkry is dat ons dit maar net afskud in die geloof, asof dit ons nie raak of affekteer nie. Dit is nie waar nie: dit kan swaar en pynvol wees.
- Wat vers 5 ons wel leer is dat ons hierdie tugtiging/swaar kry nie moet geringskat nie. Die punt is dit is God se dissiplinerende. Daar moet dus waarde in wees. Jy moet kennis neem daarvan. Jy moet gaan besin hieroor. Jy kan dit nie maar net afskud nie. Ja, dit moet jou nie moedeloos maak nie, maar dit is 'n konstruktiewe handeling van God waarvoor jy met erns moet besin om te leer wat God jou daardeur wil leer. Jy moet gaan besin oor hoekom hierdie tugtiging nodig was, sodat jy jou daarvan kan bekeer.
- Daar is egter nog 'n belangrike saak om te leer: Vers 6 sê: “die een vir wie die Here liefhet, tug Hy, en Hy straf elke seun wat Hy aanneem”. Die aansporing aan die Hebreërs, en dus ook aan ons, is nie net dat God in beheer is van die tugtiging nie, maar dit is 'n daad van liefde van God teenoor die gelowige wat getugtig word. Al kan die gelowige dit beleef as 'n gebrek aan liefde van God, is dit juis 'n uitdrukking van God se liefde. Enigiemand wat 'n ouer is en wat sy verantwoordelikheid as ouer ernstig opneem, sal tog saam getuig dat tugtiging 'n liefdeshandeling is.

Dus: Tugtiging of dissiplinerende is deel van die lewe van 'n gelowige. God is in beheer daarvan en gebruik dit konstruktief. Ons kan dit nie maar net ongeërg afskud nie. Alhoewel dit swaar is om te verduur en geneig is om ons as gelowiges moedeloos te maak, moet ons leer dit is 'n liefdeshandeling van God, waaruit ons moet leer.

Tugtiging is 'n bewys van kindskap van God (Heb 12:7-8)

Lees Heb 12:7-8. Tugtiging van kinders deur hulle ouers is sak en pak deel van ouerskap, en deel van die liefde wat 'n ouer aan sy kind betoon. Dit is net so deel van ouerliefde as wat dit is om vir jou kinders kos en klere te gee, of om hulle te koester. Ongelukkig word hierdie aspek in die Westerse samelewing afgeskeep. Die gevolg is dat dissipline in ouerhuise agteruitgaan. Dit spoel oor na die skole, en eventueel ook na die samelewing. Die gevolg is dat daar baie individue is wat eerder fokus op wat hulle oortuig is hulle regte is, en nie soseer op wat hulle verantwoordelikhede is nie. Dit is nie hoe dit behoort te wees nie – dit is nie hoe God verwag ouers behoort op te tree nie. Dit is ook beslis nie hoe God in Sy huishouding met Sy kinders werk nie.

Maar selfs in 'n sondegevalle wêreld is dit so dat ouers eerder erns maak met die dissiplinerende van hulle eie kinders as met die kinders van ander mense. Die rede hiervoor is dat ouers verstaan hulle het 'n verantwoordelikheid teenoor hulle kinders om hulle gereed te maak om effektief in die samelewing te kan optree, of in die slegste geval, omdat ouers verstaan hulle kan verantwoordelik gehou word vir hulle kinders se dade.

God is ook besorgd oor Sy kinders, hulle is vir Hom kosbaar. Boonop is Hy met hulle oppad na 'n groot einddoel – Hy berei hulle voor vir dié lewe. Lees Rom 8:15-17. Ons weet dit is die werk van die Heilige Gees om geloof in gelowiges te werk. Uit hierdie verse is dit duidelik dat die Heilige Gees boonop bevestig en getuig dat hulle kinders van God is. Dáárom tugtig Hy hulle wanneer dit nodig is. Die feit dat Hy hulle tugtig, is 'n bewys dat hulle Sy kinders is en dat Hy verantwoordelikheid neem vir hulle.

Dit is ook eenvoudig 'n feit dat geen gelowige in hierdie lewe volledig volgens God se wil lewe nie – almal skiet steeds tekort in vergelyking met God se standaard. Daarom is dissiplinerende steeds nodig. Heb 12:8 maak die noodwendige gevolgtrekking: As jy nooit tugtiging deur die Here beleef nie, beteken dit eenvoudig jy is oneg, nie 'n egte kind van God nie. Kan ek jou herinner aan wat Mat 7:21-23 sê: Nie almal wat “Here Here” sê sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie. Baie sal ontugter word. Alhoewel hulle verwag het om in te gaan, sal hulle van God moet hoor: “Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat wetteloosheid bedryf!” Die vraag is: hoe kan ons seker wees of ons wel sal ingaan? Een van die maniere is om te besin of jy ooit tugtiging van die Here beleef. Heb 12:6 sê immers die Here straf elke seun wat Hy aanneem.

Beleef jy tugtiging van die Here? Is daar sake waarvoor die Here jou konfronteer? Besin jy hieroor en worstel jy hieroor met die Here? Of is jou lewe stil en rustig sonder enige worsteling? Indien laasgenoemde die geval is, is dit rede tot kommer, en 'n saak wat jy met die Here moet opklaar.

Tugtiging vereis dat die gelowige hom onderwerp aan God (Heb 12:9-10)

Lees Heb 12:9-10. As 'n reël respekteer kinders hulle aardse ouers. Daar is sekerlik uitsonderings, maar dit is nie die reël nie. Andrews verwys na Deut 21:18-21. Lees dit. Andrews sê duidelik was opstandigheid van kinders teen hulle ouers 'n ernstige saak: so ernstig dat 'n opstandige kind selfs met klippe doodgegooi moes word. Hy redeneer gesien in die lig van hierdie ernstige straf moes dit 'n redelike seldsame geval gewees het waar kinders so opstandig was teen hulle ouers. In die algemeen vind ons tog ook dat kinders hulle ouers respekteer, veral as hulle ouers met groot verantwoordelikheid na hulle kinders omsien. Ja, kinders kan opstandig raak as hulle van tyd tot tyd deur hulle ouers getugtig word, maar as die ouers hulle verantwoordelik begelei gedurende die periode van tugtiging, gee dit normaalweg aanleiding daartoe dat die kinders respek ontwikkel vir hulle ouers. Selfs al tugtig ouers hulle kinders bloot uit eie belang, kan kinders dit verwerk as hulle ouers dit verantwoordelik opklaar. Dit strook met die stelling in die eerste gedeelte van vers 9.

In die tweede gedeelte van die vers redeneer die skrywer: As dit waar is dat ons respek ontwikkel vir ons aardse vaders, sal ons dan nie soveel te meer respek ontwikkel en ons onderwerp aan ons geestelike Vader nie? Natuurlik is God, ons hemelse Vader, ons geestelike Vader. In vers 10 gee die skrywer dan drie redes hoekom ons nog eerder respek vir ons hemelse Vader sal ontwikkel en ons aan Hom onderwerp. Lees vers 10. Die redes is:

- Ons aardse ouers tugtig ons bloot vir 'n kort rukkie. Dit verwys heelwaarskynlik na die feit dat die tugtiging van aardse ouers tipies gebeur gedurende die kort rukkie wat kinders in hulle ouerhuis groot word. Wanneer hulle die ouerhuis verlaat is daar al minder geleentheid vir die ouers om die kinders te tugtig wanneer nodig. Maar ons geestelike Vader tugtig ons vir solank as wat ons hier op aarde lewe. As ons na 'n kort rukkie reeds respek ontwikkel en ons gevolglik onderwerp aan ons aardse vaders, sal ons dit tog sekerlik nog meer doen met ons geestelike Vader wat ons lewenslank tugtig.
- Ons aardse ouers het ons getugtig volgens wat vir hulle reg gelyk het. Soos ons vroeër opgemerk het, het hierdie tugtiging nie altyd op die regte manier plaasgevind nie. Dit kan

wees dat dit soms uit eie belang plaasgevind het, eerder as in belang van die kind. Immers, ouers is almal ook steeds onderworpe aan God se tugting solank as wat hulle hier op aarde lewe. Maar al was die tugting gebrekkig, het ons steeds respek vir ons ouers ontwikkel. In die geval van die tugting deur ons geestelike Vader is dit egter heel anders: Hy tugtig ons altyd tot ons beswil. Hy weet presies wat dit is wat ons nodig het om te groei, en dan tugtig Hy ons op so 'n wyse dat dit effektief is om te groei in daardie spesifieke opsig. Sekerlik moet ons ons nog eerder onderwerp aan hierdie effektiewe tugting as aan die gebrekkige tugting van ons aardse ouers.

- Ons aardse ouers het ons getugtig grotendeels sodat ons voorbereid kan wees op hierdie lewe en die eise wat dit aan ons gaan stel. Maar ons geestelike Vader is oor veel meer besorgd: Hy wil ons deur Sy tugting voorberei vir die ewige lewe. Vers 10 sê Sy doel is dat ons deel kan kry aan Sy heiligheid. Dit is niks anders nie as dat ons sal groei in heiligheid tot volmaaktheid, sodat ons dan deel kan kry aan Sy koninkryk, oftewel met vrymoedigheid in die Allerheiligste van die ware tabernakel mag ingaan. Onthou jy Rom 8:18: "Ek is oortuig dat die lyding van die huidige tyd nie vergelyk kan word met die heerlikheid wat bestem is om aan ons geopenbaar te word nie."

As ons werklik gelowiges is wat werklik daarna smag om met vrymoedigheid die Allerheiligste van die ware tabernakel te mag ingaan, is dit tog net logies dat ons ons sal onderwerp aan die tugting van ons geestelike Vader wat ons hierdeur by heiligheid wil uitbring.

Tugting bewerk vrug van geregtigheid (Heb 12:11)

Lees Heb 12:11. Kom ons wees eerlik: tugting is swaar. Dit is nie iets wat ons bly of opgewonde maak nie. Dit is eenvoudig nie lekker nie, en nie iets wat ons natuurlik vrywillig sou kies nie. Dit geld vir die tugting van ons aardse ouers, sowel as vir die tugting van ons geestelike Vader. Die Hebreërs sou kon saamstem: dit is nie lekker om gespot te word, of as jou besittings op beslag gelê word, of as jy in die tronk gegooi word nie. Dit is ook nie lekker om ernstig siek te wees en pyn te verduur nie. Dit is nie lekker om elke dag in armoede te moet stoei om siel en liggaam aanmekaar te hou nie. Dit lei eerder tot droefheid, sê vers 12 – 'n resultaat waarmee ons ons maklik kan vereenselwig.

Vers 12 voeg egter by: Later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir hulle wat daardeur ingeoefen is. Let op: die vrug is vir diegene wat deur tugting ingeoefen is. Hierdie vrug kom deurdat jy jou inoefen in die tugting. Jy probeer nie die tugting systap nie. Jy probeer dit nie ontwyk nie. Jy word nie moedeloos en gee op nie – nee, jy oefen jou in die tugting. Soos ons vroeër gesien het: jy aanvaar dit as komende van die Here. Jy besin oor hoekom dit gebeur. En dan bekeer jy jou soos nodig.

En dan, later, lewer dit vrug op. Later, kan jy terugkyk en sien dat die oefen, worstel en groei in die tugting, vrug lewer – dan is daar wel rede tot blydschap. Die rede vir die blydschap is dat dit 'n vredevolle vrug van geregtigheid oplewer. Kom ons dink oor wat die vrug van geregtigheid is:

God is perfek regverdig. Hy besit dus geregtigheid. Geen mens besit van nature geregtigheid nie. Geen mens kan ook God se geregtigheid verdien nie – want ons is sondig. Die enigste manier waarop ons deel kan kry aan God se geregtigheid, is as Hy dit vir ons gee. Dit is presies wat God met gelowiges doen. Rom 3:22 sê: "Hierdie geregtigheid gee God deur die geloof in Jesus Christus aan almal wat glo". Ons kry dus deel aan God se geregtigheid wanneer ons glo. Wanneer ons glo, gee God dit aan ons. Ons noem dit regverdigmaking.

Maar gelowiges sondig steeds. Hulle worstel met hulle sondige natuur, hulle worstel met die sonde en laste van vers 1, hulle swig nog voor die duiwel en sy versoeking. Ja, hulle het geregtigheid in die sin dat hulle wedergebore is en dat God hulle vergewe op grond van Jesus se offer elke keer wat hulle sondig. Maar God wil dat hulle sal vorder in hulle stryd teen die sonde, dat hulle al hoe meer gehoorsaam sal word aan Sy wil. Die geregtigheid wat hulle van God ontvang het, moet nou vrug dra in hulle lewe – dít is die vrug van geregtigheid. Dit beteken nie dat hulle geregtigheid as vrug ontvang wanneer hulle deur God getuigtig word nie. Nee, dit beteken omdat hulle geregtigheid ontvang het deurdat hulle in Jesus glo, moet dit nou vrug oplewer, vrug wat volg op geregtigheid. Dit beteken hulle moet groei in heiligheid – dit was tog die punt in vers 10: dat God ons tughtig sodat ons deel kan kry aan Sy heiligheid.

Heb 11:33 het gesê die Ou Testamentiese gelowiges het gedoen wat reg is. Hulle is geregverdig deurdat hulle geglo het, en toe het hulle gedoen wat reg was – daardie doen wat reg was, was die vrug van geregtigheid. 2 Tim 2:22 sê: “Vlug weg van die begeertes van die jeug en streef, saam met diegene wat die Here met ‘n rein hart aanroep, na regverdigheid, geloof, liefde en vrede”. Diegene wat die Here met ‘n rein hart aanroep, is tog die gelowiges. Hulle moet streef na regverdigheid – dit is na die vrug van die geregtigheid wat hulle deur geloof ontvang het. Lees Rom 6:12-13. Vers 12 verwys weereens na die stryd teen die sonde – dit is die stryd van Heb 12:1-4. En dan volg vers 13 en sê gelowiges moet nie meer hulle ledemate as wapens van ongeregtigheid tot beskikking van die sonde stel nie, maar wel as wapens van geregtigheid tot beskikking van God. Die punt van Heb 12:11 is nou dat die tughtigings van die Here die gelowige help om met verloop van tyd al hoe meer hierdie vrug van geregtigheid te demonstreer in hulle lewens. Dit realiseer alreeds tot ‘n mate in hierdie lewe. Elke keer wat ons leer deur die tughtigings van die Here, groei ons in heiligheid, groei ons in die vrug van geregtigheid. Ja, terwyl die tughtiging aan die gang is, wil ons eerder in droefheid en moedeloosheid inmekaar sak, maar as ons daardeur is en ons dit sinvol gebruik het, is dit ‘n rede tot blydschap – want ons dra dan nog meer vrug van geregtigheid.

Vers 11 voeg by dat dit ‘n vredevolle vrug van geregtigheid is. Soos wat ons al meer die vrug van geregtigheid in ons lewens demonstreer, vorder ons al meer daarin om God se wil te doen en om soos Hy te word. Dit bewerk vrede tussen God en ons. Onthou Rom 5:1: “Omdat ons dan nou op grond van geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus.” Een van die resultate om deur geloof geregverdig te wees, is om vrede met God te hê. Deurdat God gelowiges tughtig, demonstreer hulle almeer die vrug van hierdie geregtigheid – en daarom lei dit ook daartoe dat hulle al meer vrede met God het.

Voorbeeld van die volk Israel: Deut 8:1-10

Daar is ‘n voorbeeld in die Bybel wat vir ons wys hoe al hierdie dinge in die praktyk realiseer. Kom ons kyk na Deut 8:1-10. Dit handel oor die volk wat op pad is na die beloofde land. Hulle is reeds uit Egipte verlos en trek deur die woestyn. Kom ons vergelyk Deut 8 met Heb 12.

In Deut 8 handel dit dus oor God se handeling met Sy volk. In Heb 12 handel dit oor God se handeling met Sy kinders – die gelowiges. In Deut 8 is die volk reeds verlos uit Egipte. In Heb 12 het die gelowiges reeds tot geloof gekom, hulle is reeds geregverdig deur geloof in Jesus Christus.

Deut 8:1 verwys na die einddoel waarheen die volk op pad is – dit is die land wat die Here aan hulle voorvaders beloof het wat hulle in besit moet gaan neem. As ons aan die gelowiges dink waarvan Heb 12 praat, is die ekwivalent van die beloofde land die toegang tot die Allerheiligste van die ware tabernakel – dit is wat die Here aan hulle beloof het. Of soos Heb 12:10 sê: sodat hulle deel kan kry aan God se heiligheid. Volgens Deut 8:1 moes die volk elke gebod van die Here onderhou sodat hulle

daar kan ingaan. In Heb 12 moet die gelowiges ook elke sonde en las aflê, stryd voer daarteen, selfs ten bloede toe.

In Deut 8:2 sê Moses vir die volk dat God hulle vir 40 jaar in die woestyn gelei het. Maar dit is duidelik God het meer in gedagte gehad as om hulle net fisies by die beloofde land te bring. Op pad soontoe wou Hy hulle leer. Hy wou hulle leer om nederig te wees. Hy wou hulle wys wat in hulle harte aan die gang is, sodat hulle self kan uitvind of hulle God se gebooië sal nakom al dan nie. Immers was dit wat die Here vereis het om die land te mag ingaan. In Heb 12 het ons geleer dit is die Here wat gelowiges dissiplineer. Hy wil hulle nie ook maar net by die einde van hulle lewens bring nie. Hy wil hulle ook wys wat in hulle harte aan die gang is. Hy wil hê hulle moet verstaan of hulle Sy gebooië sal nakom al dan nie. Hy wil hulle juis by die punt bring dat hulle dit wel sal doen en sodoende die vrug van geregtigheid vertoon (Heb 12:11).

In Deut 8:2 sê Moses die volk moet oor al hierdie dinge dink. In Heb 12: 5 wys die Hebreërskrywer die volk tereg oor hulle vergeet het om oor al hierdie dinge te dink.

In Deut 8:3 sê Moses die manier waarop die Here die volk aan die dink wou kry, was deurdat Hy hulle honger laat ly het. In Heb 12 het ons geleer die manier waarop die Here die gelowiges aan die dink wil kry, is deur hulle te tugtig. Dit kan wees deur 'n innerlike stryd teen sonde. Dit kan wees deur 'n uiterlike stryd teen die duiwel en sy trawante. Dit kan wees deur siekte, dit kan wees deurdat hulle gespot word, of hulle goed gevat word, of dat hulle in die tronk gegooi word. In Deut 8:3 het die Here die honger laat ophou deurdat Hy vir hulle manna uit die hemel gegee het. Maar die Here het meer in gedagte gehad as net dat hulle fisiese honger opgeklaar word. Hy wou hulle hierdeur leer dat die mens leef van elke uitspraak uit die mond van die Here. In Hebreërs weet ons die vroeëre lyding van die Hebreërs het verby gegaan, en dikwels bring die Here 'n einde aan die swaar wat deel is van Sy tugtiging. Maar die doel van die Here is meer as om net die swaar te laat ophou. Hy wil dat die gelowiges daaruit leer. Dit moet 'n vredevolle vrug van geregtigheid tot gevolg hê. Hulle moet leer waar hulle nog nie God se gebooië gehoorsaam nie. Hulle moet leer waar hulle Hom nog nie so respekteer soos wat hulle Hom behoort te respekteer as hulle geestelike Vader nie. Hulle moet groei na Sy heiligheid toe.

In Deut 8:5 sê Moses vir die volk hulle moet in hulle harte oortuig wees dat die Here hulle God hulle opvoed soos 'n man seun opvoed. In Heb 12 sê die Hebreërskrywer die Here tugtig die gelowiges as Sy seuns, as Sy egte seuns. Hy tugtig hulle tot hulle beswil.

In Deut 8:7-10 beskryf Moses aan die volk die heerlikheid van die beloofde land wat hulle kan verwag as hulle geleer het om Sy gebooië te onderhou. In Heb 12 sê die skrywer die tugtiging van die Here lei nie onmiddelik tot blydskap nie, daar is eers droefheid. Maar eventueel bring dit wel blydskap, en daarmee saam 'n vredevolle vrug van geregtigheid. Op die ou end bring dit die gelowiges by die punt waar hulle wel met vrymoedigheid in die heiligdom mag ingaan.

Afsluiting:

Geliefdes, beleef jy stryd in jou lewe? 'n Innerlike stryd met sonde of laste? Of 'n uiterlike stryd teen die duiwel? Of stry jy dalk met siekte of swaarkry soos armoede? Moet dan nie vergeet nie: Die Here tugtig juis die wat Hy lief het, die wat Sy kinders is. Onthou ook Hy is in beheer, en Hy kan uitkoms gee. Onthou ook: Hy het meer in gedagte as net om ons nood te verlig. Hy wil juis dat ons leer, dat ons opgevoed word, dat ons meer vrug van geregtigheid vertoon. Dink daarom oor wat met jou gebeur, en wat Hy daardeur wil bewerk.

Aan die ander kant: Beleef jy nooit die tugtiging van die Here nie? Besin dan of jy wel 'n gelowige is.